

RIGLYNE om te volg tydens die **UITGROEI VAN BULLE** vanaf speen tot die aanwending in die dekseisoen

>>> Dr Vlok Ferreira
Nasionale Tegniese Bestuurder
Herkouers, RCL Foods

Behoorlike bestuur en voeding van bulle is essensieel om te verseker dat die koeikalf produsent maksimum reproduksie en genetiese effektiwiteit van sy kudde kan verseker. Verskeie faktore beïnvloed vrugbaarheid. Eerstens moet 'n bul goed ontwikkel wees en reeds puberteit bereik het. Tweedens, fisieke eienskappe soos skrotum-omvang, dekbehandigheid en semenkwaliteit speel 'n belangrike rol in 'n bul se vrugbaarheid. Derdens, beïnvloed libido en sosiale dominansie, waar meer as een bul by 'n groep koeie gebruik word, ook die bul se vermoë om koeie te dek.



NA-SPEENSE GROEI: 7- TOT 12-MAANDE OUDERDOM

Wanneer bulkalwers op \pm 200-dae ouderdom gespeen word, moet hul tussen 26% - 34% van hul volwasse gewig reeds bereik het (Tabel 1). Onder normale somer-weidings toestande behoort die kalf die gewig te bereik met die koei se melk, die weidings inname en 'n fosfaatlek-aanvulling. Gebruik **Molatek Foslek (V 16059; N-FF 1407)** of **Fosblock (V 22502; N-FF 2471)** met 'n inname van \pm 180g/bees/dag. Gespeende bulkalwers moet ontworm en teen lewerslak behandel word indien dit in die area voorkom. Bulle moet ook jaarliks getoets word vir Brucellose, BVD, IBR en Trichomoniasis. Behandel ook wanneer nodig teen uitwendige parasiete. Vanaf speen tot 12- maande ouderdom behoort bulle teen sodanige tempo te groei, dat hul 52% - 62% van hul volwasse massa bereik het sodat hulle op 24-maande ouderdom reeds 85% - 94% van hul volwasse gewig weeg. Die groeitempo sal varieer afhangende van die ras en volwasse massa van bulle.

Naspeense groeiaanbeveling vanaf \pm 230 kg tot en met volwassenheid is soos volg:

- Droë materiaal-inname – 2.7% van liggaamsmassa op 230 kg en 2.5% op volwasse ouderdom.
- Proteïen – 13.5% tot 15% op DM-basis
- Energie maksimum – 10.2 MJ Metaboliseerbare energie (68% Totale verteerbare voedingstowwe) op DM-basis
- Kalsium- tot fosfor-verhouding: 1:1.5 tot 1:2; Kalsium - 0.8% en Fosfaat – 0.4%
- Voldoende spoorminerale, asook vitamien A, D en E moet aangevul word.

'n Potensiële bul vir verkope moet vanaf speen tot en met verkope op 2-jarige ouderdom gemiddeld 800 g tot 1 kg/dag groei. Om dit te kan behaal, moet 'n aanvulling verskaf word wat oor natuurlike proteïen beskik, maar met nie 'n te hoë energie-

TABEL 1: TEIKENGEWIGTE EN DAAGLIKSE MASSATOENAME VAN JONG BULLE

VOLWASSE BUL GEWIGTE, MATIGE KONDISIE	TEIKENGEWIGTE (kg)			MINIMUM DAAGLIKSE MASSATOENAME (kg)	
	SPEEN OP 200 DAE	12-MNDE OUDERDOM	24-MNDE OUDERDOM	SPEEN TOT 12-MNDE OUDERDOM*	12- TOT 24- MNDE OUDERDOM
700	210	400	616	1.15	0.59
800	240	456	704	1.3	0.68
900	270	513	792	1.47	0.76
1000	300	570	880	1.63	0.85

* Indien bulle teen 'n stadiger GDT tot op 12-maande ouderdom gegroei het, sal die 12- tot 24-maande GDTs hoër moet wees.

inhoud nie. Dit is omdat ons goeie spiergroei wil verseker sonder dat die diere oorvet word. Verskaf 'n kragvoer- mengsel vanaf speen aan bulkalwers teen 1.5% van liggaamsmassa op winterveld-weiding en teen 0.75% van liggaamsmassa op die groen somerweiding. Indien die styselinnome vanaf die graankomponent meer as 0.5 – 0.75% van liggaamsmassa is, word weidings inname en vertering onderdruk. Die kragvoer-mengsel of produksielek moet minstens 'n 14 – 15% proteïen en 'n energiewaarde van 10.8 MJ/kg op 'n droë materiaal-basis bevat. Indien 'n volledige rantsoen gebruik word, moet minstens 15 – 20%

grofgemaalde hooi by die rantsoen ingesluit word. Wanneer 'n kafeteriastelsel gebruik word, moet die bulle minstens 0.5% van hul liggaamsmassa as ruvoer ontvang (Tabel 2).

TABEL 2: VOLLEDIGE EN KAFETERIA AFRONDINGSDIËTE VIR VEILINGS*

MENGINSTRUKSIE		VOLVOER MENGSEL 1	VOLVOER MENGSEL 2	KAFETERIA MENGSEL 1
BEESVET 33+	kg	160	160	160
MIELIEMEEL / HOMINY CHOP	kg	650	640	790
MOLATEK BYPASS	kg	50	50	50
MIELIEKUILVOER	kg	****	350	****
RUVOER	kg	150	75	Ad Lib
TOTAAL	kg	1010	1275	1000

* Vir meer inligting omtrent voerinstruksie, voerwenke vir die aanpassings- en afrondingsfase kontak u naaste Molatek verteenwoordiger.

* Innames moet gekontroleer en aangepas word na gelang van die vereiste kondisie en groeitempo benodig.

Voeding het 'n belangrike invloed op skrotum-omtrek ontwikkeling en kan afhangende van die rasstandaarde varieer met tussen 30 cm op 15-maande en 34 cm op 24-maande ouderdom. Die skrotum-omvang is positief gekorreleer met semenkwaliteit wat vrugbaarheid verhoog, soos die persentasie normale sperme en mortaliteit, semenvolume en -konsentrasie. Bulle met 'n groter skrotum-omvang binne die rasstandaarde se verse bereik ook reeds op 'n jonger ouderdom puberteit. Die skrotum-omvang is ook positief gekorreleer met vrugbaarheid in die nageslag.

TABEL 3: MINIMUM GDT EN MASSATOENAME VAN BULLE OP 'N FASE D-TOETS

RAS	MINIMUM TOENAME (kg)	MINIMUM GDT (g)
Afrikaner, Brahman, Dexter, Nguni, Sanganer, Tuli	90	400
Bonsmara, Drakensberger, Galloway, Limousin, Noord Devon, Rooi Poenskop, Shorthorn, Sussex	110	500
Beefmaster, Brangus, Hereford, Huguenot, Pinzgauer, SA Angus, Santa Gertrudis, Simbra	120	550
Braunvieh, Charolais, Gelbvieh, Simmentaler, South Devon	130	600

FASE D: GROEITOETSE VAN JONG BULLE

Kalwers op 'n fase D-toets moet aan die begin van die toets nie ouer as 365 dae wees nie en die groep moet nie meer as 120 dae verskil in ouderdom nie. Fase D-toetse is 'n minimum van 84 dae en 'n maksimum van 270 dae na die aanpassingsperiode. Elke ras het ook 'n minimum GDT en massatoename wat oor hierdie periode behaal moet word soos in Tabel 3 aangedui.

GROEIFASE VANAF 12- TOT 24-MAANDE OUDERDOM

Indien jong bulle reeds voor 15- tot 18-maande ouderdom vir die eerste keer vir 'n dekseisoen gebruik word, sal hul stadiger groei as gevolg van die verhoogde aktiwiteit en 'n goeie 2-jaar ouderdom gewig is dan 75% van volwasse liggaamsmassa. Vanuit 'n genetiese en ekonomiese verbeteringsoogpunt van die kudde is dit 'n goeie beginsel, omdat die generasie- interval dan aansienlik verkort word. Bulle onder twee jaar moet ook net 12 – 15 koeie per bul gedurende die dekperiode ontvang, waar ouer bulle 25 – 30 koeie met gemak in 'n 75-dae dekseisoen kan dek. Jong bulle van 15- tot 18-maande ouderdom moet 'n kondisietelling van 5.5 – 6.5 (skaal 1 tot 9) hê wanneer die dekseisoen begin. Die bulle moet reeds minstens 60 dae voor die aanvang van die dekseisoen in die korrekte kondisie wees, aangesien dit is hoe lank dit sperme neem om volwassenheid te bereik. Na afloop van die dekseisoen moet hierdie jong bulle steeds teen 0.75 – 1.0 kg/dag in massa toeneem. Voordat aangekoopte jong bulle by die koeie geplaas word, moet seker gemaak word dat hul rumens by veldweiding aangepas is, veral as hul 'n volvoer-rantsoen ontvang het. Verskaf 'n produksielek teen 2.5 kg/bul/dag.

DIE DEKSEISOEN

Verskaf aan bulle dieselfde somer-fosfaatlek op groen somerveld weiding as wat die koeie ontvang. Fosfaatinnome gedurende die somer is minimum 6 g P/bul/dag tot 15 g P/bul/dag afhange van weidings kwaliteit en bulle se liggaamsmassa.

NA AFLOOP VAN DIE DEKSEISOEN

Volwasse bulle verloor tussen 50 en 100 kg gewig gedurende die dekseisoen en moet 'n produksielek na onttrekking van die koeie ontvang. Verskaf op goeie kwaliteit somerveld 1.0 – 1.5 kg produksielek en verhoog die produksielek na 1.5 – 3.0 kg/bul/dag op droë winterweiding.

Voorbeelde van produksielekmengsels op veldweiding word in Tabel 4 aangedui. Die hoeveelheid word gevarieer afhange van die bulle se vereiste groeitempo en kondisie.

TABEL 4: PRODUKSIELEKKE

MENG INSTRUKSIES		PRODUKSIE-LEK 1*	PRODUKSIE-LEK 2*	PRODUKSIE-LEK 3**	PRODUKSIE-LEK 4**	PRODUKSIE-LEK 5**
MEESTER 20	kg	280	280	****	****	****
PROTEÏENLEK 40	kg	****	****	100	****	****
WENLEK 50	kg	****	****	****	150	****
LICK MIX *87	kg	****	****	****	****	240
MELASSEMEEL/GRAAN/CHOP	kg	****	280	80	150	500
SOUT	kg	50	100	****	****	200
P12	kg	****	****	****	****	50
TOTAAL	kg	330	660	180	300	990

AANBEVOLE INNAME/BEES/DAG	kg/dag	1.0 – 2.0	2.0 – 4.0	1.0 - 1.5	1.0 – 1.5	1.0 – 1.5
---------------------------	--------	-----------	-----------	-----------	-----------	-----------

*Somer- of winter-produksielek

**Winter-produksielek

Die verskaffing van 'n produksielek aan 'n gekoopte bul is ook van baie groot waarde. Die produksielek help nie net die diere om hul kondisie te handhaaf nie, maar verseker ook dat die bul meer geleidelik by sy nuwe omgewing aanpas.